

25 Junie

Skrifgedeelte: Jesaja 61:1-11

Fokusgedeelte: Jesaja 61:3, 11

**Die jubelende aankondiging! Dit klink soos die geklank
van die eerste reëns na die smartlike droogte**

Ja, dit is die naklank van die loffelike sprake wat uit die Deutrojesaja opklink vanaf hoofstuk 40, 42, 44 tot 48 waar die profeet aan 'n moedelose volk die uitkoms aankondig. Self erken die profeet: dit is nie uit homself nie, nee, die Gees van God het oor hom vaardig geword en daarom kan hy met soveel oortuiging en vrymoedigheid uiteindelik die verlossingsboodskap aankondig.

As vreugdebode kan hy nou die volk oproep om nie meer verblind en doof deur hulle omstandighede die helder klanke van die aankondiging te hoor – die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Hulle gaan terugontvang wat die Here belowe het! Alles wat in puinhope verval het, sal weer opgehef word vanuit die smart en vernedering, die eer en agting; vreugde omdat hulle God self die Redder is, sal hulle ook genoem word “Bome van Redding”.

En dit bevestig Hy dan in verse 8 en 9 as God Self en nie meer die profeet nie, aan die woord is met die heilsboodskap van reg en geregtigheid; dat Hy die redding sal bring en die gehoorsames sal vertroos wanneer hulle treur.

Dan vul dit die profeet met 'n loflied wat oorborrel in beeldryke taal, 'n lied waarmee hy God dank vir bevryding en uitkoms – soos die bruidegom en die bruid getooi in hulle feesgewade – gevul van opgewondenheid oor die lewe wat voorlê, 'n lewe saam voor die Here.

Die dankbare woorde wat soos trane vloei as die eerste groen die dorre aardkors deurbreek na die lafenis van genade-reëns en die skynbare doodsgreep van 'n droogte verbreek word, só vul die heilsboodskap ons wat Jesus Christus ken as Verlosser en Saligmaker. Daarom kan ons te midde van moeilike en verwarrende tye tog gevul met lofsang en danksegging God loof, omdat Hy die uitkoms sal bring!

Mag God se genade met u elkeen se vreugde wees op hierdie dag.

Sing: Psalm 64:1, 7 (Totius)

Ds JE Franck (Magol)